

O E S T Y D

2de kwartaal 2012

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

SENDINGWEEK in Februarie 2012

Die jaar was dit die 14de sending week wat Rietfontein Suid gemeente aangebied het! Van 1998 ondersteun ons sendelinge in verre lande.

Gedurende hierdie sendingweek het die sendeling onder die Koerde, vertel hoe hy as 'n Moslem seun, God nie kon vind nie maak nie saak wat hy gedoen het nie. Eers nadat hy tot bekering gekom het, gevange geneem en gemartel is het hy God gevind. Hy het vertel hoe Christus hom deur gebed in daardie donker tyd gedra het. Sy verhaal was werklik 'n inspirasie vir almal.

Hannes Peens van Limpopo het die aand kom gesels oor die werk in Rabone en omliggende streke, D.J. kon dit aanvul met foto's van die jeug se uitreik in Limpopo laas jaar September maand. John de Kock het ook dieselfde aand vertel van die uitreik toere wat "Mission Russia" reel. Sy getuienis het werklik die jong mense so geïnspireer dat 'n hele paar van hulle in toere belang stel.

Die volgende Sondag het Christene van Laudium hulle lewensverhaal kom vertel. Die jong man, Martin, het sterk getuig van hoe sy lewe van dwelmverslaafde tot werker vir die Here verander het. Dit het so 'n indruk gemaak dat hy genooi was om die aand weer met die jong mense te kom praat. Al vier die dienste was werklik geseënd.

Die Sendingete die Vrydagaand, was 'n groot sukses. Dankie aan Koenie, Alet, Hester en die ander dames vir die kos en versiering van die tafels, dankie ook aan Roedolf en Carl, vir die braai van die vleis. Die ete was heerlik.

Met die ete het Alan en Ansie v.d. Merwe, van die sendingwerk in Mosambiek, deur middel van 'n skyfie vertoning hulle lewe in Afrika met ons gedeel. Hulle ondervindings het ons weer laat besef wat hulle sendelinge moet opoffer om die werk van die Here in moeilike omstandighede en v&er van hulle geliefdes te doen.

Die doel van die ete was om vir die sendelinge wat dit kon bywoon 'n blyk van waardering te gee vir hulle onselfsugtige werk, tweedens om die gemeentede die kans te gee om kennis te maak met die sendelinge in 'n informele atmosfeer en laastens om aan die gemeente lede en ander wat betrokke is by sending dankie te s&e vir hulle werk en ondersteuning. Die ete het in al drie die doelstellings geslaag. Met u bystand maak u dit moontlik dat hierdie sendelinge (van die Koerde, Kambodja, Mosambiek, Limpopo en Laudium) die taak wat God op hulle gel&e het, uit te kan voer.

Ons het 'n aanspreeklikheid teenoor hierdie sendelinge in die veld. Hulle het geestelike, emosionele en ook finansi&ele ondersteuning nodig. Dankie dat u die taak op u geneem het om hulle, in gebed, emosioneel en finansi&el te ondersteun. Deur die omgeeliefde en groot genade van Jesus Christus is dit vir ons almal moontlik om deur die krag van die Heilige Gees, wat in ons woon, die blye boodskap uit te dra. Daar waar jy woon, werk en wandel, kan jy vandag 'n verskil maak.

Kom ons hou ook ons sendelinge se arms in die lug.

ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

Nuusbrief April 2012

Kambodja bly 'n land met vele gesigte. Ek is al so gewoond aan alles hier dat ek verloor het om te 'sien'.

Die gewoond word van mens se omgewing steel die wonder van die bewus wees van dinge wat om jou gebeur. Ek het weer begin 'kyk' en soms maak dit wat ek sien my bly, ander kere somer net hartseer ... die teerheid van 'n 'rubbish collector' uit gestort op haar babetjie het my 'n loflied laat sing.

Die nuut kyk na kulturele dinge is spesiaal – in die oggende is dit asof mens uitgenooi word om deel te wees van die Khmer gemeenskap terwyl hulle ontbyt eet. Klein tafeltjies is opgeslaan op straathoeke en sypaadjies; noedels en rys met 'n stukkie vleis en 'n halwe eier word verkoop vir ±Reil 2000 (±R4). Ek is lief vir die Khmer se ongekunstelde lewenswyse.

Dit gaan goed met die bediening in Kambodja – VNC en Bamboo Shoot. In VNC begin dinge weer normaal loop nadat ons 'n moeilike tyd ervaar het - Tharoath is afbetaal. Soms wonder ek of die kuier in SA vir hom as persoon 'n positiewe gebeurtenis was en of die relatiewe welvaart waarin Suid Afrikaners lewe hom verkeerde gedagtes en idees gegee het.

Ten midde van die onrus en woelinge in ons lewens het die liedjie 'Wees stil en weet ek is Heer' in my hart vas geknoop. Psalm 46 sê Hy is in beheer, Hy beskerm Sy kinders. Hy sê vir ons 'Wees stil en weet Ek is by jou en Ek is jou Rots en Beskermer.'

Persoonlike nuus

Dit gaan regtig goed met my, die Here seën my met Sy omgee en deur die liefde, omgee en gebede van soveel mense. Dankie julle.

My SA kinders, Heinrich en Anilo se eerste babetjie Daniel is op die 22ste Maart gebore.

Ons Kantoor is gesluit vir 'n week oor die Khmer Nuwe Jaar feestyd. Ek het die geleentheid gebruik om die VCI Perth kantoor te besoek en is huidig by my kinders in Sydney. Dankie aan KSM vir die kaartjie.

VERITAS NETWORK KAMBODJA

Nuwe deelydse personeel wat ons verlede jaar en November begin oplei het al heeltemal deel van ons geword. Vanna is jonk en pasgetroud en Samoun is so in sy veertigs en het vyf kinders.

Die maand het Veritas en my kerk-planting, onder ouens wat nie kan lees of skryf nie, so bietjie hande gevat. Ek het Veritas se lesse oor Genesis gebruik, prentjies gemaak van die verskillende skeppings dae en hulle moes dit dan volgens die regte volgorde pak, 'n prentjie van 'n mond op die skeppingsdae sit waar God deur woord geskep het en hande met klei waar God die mens gevorm het. 'n Regmerk prentjie moes aandui "God het gesien dit is goed". Dit was sommer net 'n groot fees!!!

Module 3 is klaar geproeflees!!!!!! Ons moet nog net die verwante hoofstukke van die handboek "How to Interpret the Bible" ook proeflees dan is ook dit afgehandel.

'n Uitlander het by ons uit gekom en het gevra om ons geloof verklaring te sien omdat hy nie sy medewerkers aan sommer enige lering wou blootstel nie; daar is baie dwaalleer in Kambodja. Saran gaan nou by sy organisasie opleiding doen, hy is nogal benoud omdat die uitlander ook teenwoordig sal wees.

BAMBOO SHOOT

Dit gaan goed met die kerk-planting ons verhoudings is besig om te verstewig. Daar is niks so vervullend as om die vreugde op die nuwe bekeerlinge se gesigte te sien wanneer hulle Christus met sang loof nie.

Huise bou – Ons sukkel erg om al die drade bymekaar te trek. Die bouers sê dat hulle oor tien dae sal begin. Die huise gaan op groot plastiek dromme gebou word sodat dit saam met die water volume in die put kan sak en styg.

Voeding skema - Ons is dankbaar vir die skenkers wat die mense met rys elke maand ondersteun. Rys vir een persoon gee kos vir 'n gesin van 2 – 8 mense.

Bybels/Sangboeke - Dankie vir die skenkings ons het 'n goeie bedrag en sal die aankope in April maak.

CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK

E-pos van 14 Februarie 2012

Ek het weer 'n beroep na 'n ander gemeente gekry (d 4de een in 7 jaar). Dis in Berre l'étang (naby Marseille) en sluit Marignane en Vitrolles in. Ek gaan Donderdagaand die kerkraad ontmoet. Die b-mol is dat dit langs 'n industriële area is (petrolrafinarye en chemiese fabriek - amper soos Secunda). Gelukkig is daar baie wind - soos in PE. Gemeente het 40 lidmate en 50 mense woon d eredienste by. Ons oorweeg dit ernstig. Bid asb hiervoor.

Januariemaand was baie besig met die 2 gebedsweke: Internasionale Evangeliese gebedsweek 8-15 Febr, en die Gebedsweek vir Eenheid onder d Christene (ekumenies) 18-25 Febr. Hierdie jaar was d gesamentlike byeenkoms van lg d Sondagmiddag in ons kerk. Dit was 'n fees. Hierd jaar het Pole d tema en d tekste vir d week voorberei. Ek het 'n Poolse gemeenskap in Toulouse opgespoor met uitstekende musikante. Hulle het 'n 45 min musiekprogram aangebied en tydens d diens d musiek waargeneem. Aan d einde vd diens het mense selfs handegeklap. Daar was ongeveer 150 mense wat d meeste was vir hierd diens sedert ek in Toulouse is. Ek het ook 'n oggendherdenking oor d plaaslike katolieke radiostasie aangebied - soos elke jaar gedurende d week v gebed.

Ek het ook 'n vergadering v d Teologiese Fakulteit gehad, asook die "Broederkring" v Toulouse (interkerklike byeenkoms vd dii v Toulouse). Ons het gedeel rondom die spiritualiteit van die ds.

Die 9-11 Maart het ons ons Algemene Sinode in Nîmes. Ek moet d jaarverslag vd Teologiese Fakulteit.

Maartmaand fokus ons gemeente op d huwelik en d gesin. Vier verskillende persone gaan elke Sondag 'n tema aanbied met 'n spesiale geleentheid die Saterdagmiddag en Sondag 17-18 Mrt.

Vir d Sondag van Pase, berei ek twee volwassenes, Sandra en Aurore, voor vir hulle doop. Hulle het hulle commitment tot d Here gemaak. Bid vir hulle geestelike groei.

Sedert Sept het ons gemeente met 'n hernude bidaksie begin: eers een keer elke twee weke, en sedert Nov een keer elke week. Ons moedig mense om indien hulle nie na d biduur by d kerk kan kom nie, hulle dselfde tyd by hulle (Donderdag 20h30-22h00) saam sal bid. Later gaan ons vas inbring en d daarstel v 'n gebedsketting in d gemeente. Dank d Here vir hier dinge.

Sondag 5 Febr het ons ons jaarlikse gemeentevergadering gehad, wat goed afgehoop het. Minder mense het dit bygewoon, want daard dag het iemand besluit dat dit moet begin sneeu in Toulouse ...!

DV gaan ek probeer om in Okt vir 3 weke RSA toe te kom - moet finansies kry. D feit dat ons 'n Caravelle op krediet gekoop het, moet ons tot Junie 2013 nog terugbetaal.

E-pos van 2 April 2012

Die gebeure vd afgelope 2 weke het ons ons lewe laat stil staan: julle het seker gehoor vd skietery in Toulouse. Dit het alles voor ons deur gebeur. Ons is d oggend net na 5-uur wakker "geskiet". Die spesiale taakmag se skerpskutters het in d kinders se kamers stelling ingeneem, aangesien dit vir hulle 'n goeie uitsig v bo-af op d betrokke woonstel gegee het. Na 2-uur se gewag met al d kinders in ons slaapkamer, wat in d agterkant vd huis is, het ons gevra of ons na d sit-/eetkamer kon gaan. Daar het ons tot 11h30 gebly voordat ons ontruim is en ons het toe d dag by ons bure, wat agter ons gebly, deurgebring. Die 2 nagte wat volg, het ons by gemeentedele geslaap. D kinders kry nogsteeds nagmerries oor d storie. Claire het d mascotte vd plaaslike polisie geword: sy het 'n oulike tekening vir en van hulle gemaak wat d rondte in 'n plaaslike koerant gedoen het en wat 'n polisievakbond gebruik in 'n publisasieveldtog om d beeld vd polisie teenoor d plaaslike bevolking te verbetering. Die afgelope week is daar voltyds polisie voor ons deur om te verhoed dat die media en nuuskieriges d inwoners lastig val (ek het seker 15 onderhoude met d media gehad - selfs d chinese en d russe - en Sophie 2 onderhoude - sy het probeer om hulle te vermy). Hulle kuier gereeld met Claire en Thomas. Hulle het al 'n hele reeks polisie badges en -range vir d kinders gegee. Iemand vd spesiale taakmag het selfs vir Claire sy badge gelos nav 'n tekening was sy gemaak het. Ons het so 10 koeëlgate in d voorkant vd kerk en d pastorie. Een

koeël het tot in ons kombuis gegaan. D taakmag-ouens was baie nice en het toegelaat dat ons foto's vd kinders met hulle neem.

Die mense in d woonstelgebou oorkant ons gaan ook deur 'n moeilike tyd. Ons probeer om met d stadsraad te onderhandel om sielkundige hulp te kry. Tsv d gebeure word d inwoners, ons insluitend, nie as slagoffers beskou nie, en kan ons nie veel doen of verwag nie. Verskeie mense is af siek geboek en het in depressie verval. Ekself sal het verlede week deur 'n baie moë fase gegaan. Ek kon moeilik konsentreer en het nie baie energie gehad om dinge gedoen te kry nie. Sophie is ook baie emosioneel aangetas.

Heeltemal iets anders: My beroep na d gemeente in Berre l'Etang (langs Marseille, Vitrolles, Marignane) is toe aanvaar. Ons sal DV in Augustus verhuis.

Eerskomende Vrydag het ons 'n ekumeniese seremonie (Protestant, Katoliek, Ortodoks, Anglikaans) in d plaaslike Katolieke katedraal Saint Etienne, waartydens ek d boodskap bring. Die aand het ons 'n diens by ons. Sondagoggend het ons 2 volwassenes wat gedoop gaan word.

Algemene Sinode 9-10 Maart: Vir d volgende driejaar is ek tot d Algemene Bedieningskommissie verkies en as addisionele lid vd moderanum vd Algemene Sinode. Ek's nogsteeds lid vd Teologiese kommissie, maar ek het nie my weer beskikbaar gestel vir Teologiese Fakulteitsraad nie.

Allan en Ansie van der Merwe skryf uit GURUE - MOSAMBIEK

Nuusbrief 10 Maart 2012

UCB vergadering

Ons het 'n vergadering saam met UCB Africa gehad in verband met die radio projek. Freddie Swart, Anthonie Welman en Hannes Brink was ook teenwoordig. Daar was besprekings rondom versterking van die radiosein deur 'n "repeater" op te sit. Dit beteken ons kan oor 'n groter radius uitsaai, dus 'n groter area bereik met die evangelie. Ons het ook oor die algemene stand van onafhanklikheid van die radio projek gepraat. (, ons sal gedurende die jaar bid vir iemand om die herstel van die rekenaars te behartig, waarna die radio projek 100% onafhanklik sal wees.)

IRM leraars

Ons het nou twee predikante in ons omgewing: Calani en Namarroi. Einde 2013 sal ons ook vier evangeliste in ons gemeentes hê, drie van hulle is ouderlinge wat

uit die Woordskool kom en wat by Macuba Infortem Bybelskool en Hefsiba IRM Teologiese Opleiding, vir verdere opleiding gegaan het.

Gesondheid

Ansie het verskeie toetse ondergaan om vas te stel wat die spasma in die buik en vermoedende bloedklont in die been veroorsaak. Na xtrale en 'n scan kon die dokter vasstel dat die probleme uit die rug kom. Daar is 'n senuwee wat vasknyp en spier spasma wat die ongemak en pyn veroorsaak. Gebed vir herstel en medikasie is nou aan die orde van die dag.

Allen: Tussen die rug, bloeddruk en suiker leer mens om met die skete van ouderdom saam te leef. Hy het 'n kroniese hoofpyn ontwikkel, ons dank nogtans die Here dat Hy nog goed vir ons is en ons daaglik onderhou.

Toekoms

Ons het 'n paar dinge wat in plek moet val en keuses wat ons moet neem rondom ons bediening en die toekoms. Bid asseblief saam met ons vir leiding vanaf die Here.

Nuusbrief April 2012

Omwiwa Yesu Radio Projek

Ek vra ander dag vir die programmeerders hoeveel briewe het ons nou al ontvang vandat die uitsendings begin het. Hulle lag van lekkerkry: meer as drie duisend briewe.

Gemeente Calani

Ons is besig met die onderhandelinge rondom die bou van die kerk in die agterplaas, Vroeg in Meimaand sal die gemeentede in spanne verdeel word tydens die kerkraadsvergadering. Die spanne sal die perseel skoonmaak en bou. Die mosambiekse pastoor wat in Calani gemeente geplaas was, het onttrek en werk nie meer in die gemeente nie. Dus is daar net die leraar in die Namaroi gebied.

Die ouderlinge is ook weer vir hulle laaste jaar se opleiding terug na die Bybelskool in Macuba. Met hul terugkeer aan die einde van die jaar kan hulle as evangeliste in ons omgewing sal werk.

Uitreik

Ons beplan ons eerste uitreik na Pebane vroeg in Junie maand. Ons gaan die bos trotseer vir twee weke by die kerkie waar Allen Bybel-onderrig sal gee.

Gebedsversoeke:

- Ansie Strydom en haar seun Rudolph (Suid Afrikaners) het die afgelope 8 maande ook hier by ons gewoon. Rudolph het met sy 50cc motorfiets geval en ernstige kop-beserings opgedoen. Die dokters in Nampula het hom gestabiliseer en hy is per vliegtuig na SA vervoer. Tans lê hy in Milpark hospitaal in 'n koma. Bid asseblief saam met ons vir sy volle herstel.
- Op pad terug van SA, het ons by Maforga Christian Mission (weeshuis buite Gondola) aangegaan vir twee dae. Daar is geweldig baie nood in terme van hulp en finansies. Hulle het R5600 (19000 meticais) nodig om hulle krag rekening hierdie maand te betaal. Indien jy betrokke wil raak, skryf aan royandtrish@yahoo.co.uk .

Dankie aan almal wat saam ons gebed het vir ons veiligheid op die pad.

Freddie (Blackie) Swart skryf oor GURUE Radiobediening - MOSAMBIEK

Nuusbrief – April 2012

Die bediening gaan steeds voort in Gurue, Mosambiek. Op 2 Maart vanjaar, tydens 'n vergadering van Gurue Radio Ministry (Suid-Afrikaanse been van die Radiobediening in Gurue), het Allen van der Merwe, plaaslike sendeling in Gurue, as volg verslag gelewer van die voorafgaande jaar se aktiwiteite.

Die getal programme is vermeerder van agt na tien per week. Een program fokus nou spesifiek op kinders terwyl 'n program elk aan vaders en moeders afgestaan word. So word daar dan aan die behoeftes en waardes binne die gesin aandag gegee. Pastore van die kerke betrokke by die bediening neem leiding met die inhoud van die programme. Tans word ons beperk tot 10 programme van 30 minute elk deur die gemeenskapsradiostasie.

Die vier programopstellers ontvang nou opleiding tydens drie geleenthede per jaar in Bybelverklaring, vorm en inhoud van programme en ander verwante sake. Die jaarlikse viering van die uitsaai van die eerste program is weer op gepaste wyse op 13 November gevier met verskeie hooggeplaastes van die regering en gemeenskap teenwoordig. Op hierdie wyse word positiewe verhoudinge gebou met die besluitnemers in die omgewing. Die impak daarvan op die breër gemeenskap is van groot waarde – meer as wat ons kan besef.

Verlede jaar is gekenmerk deur die uitstuur van min nuusbriewe as gevolg van gebrekkige berigging van Gurue. Allen verduidelik dat hul toegang tot die internet baie verswak het en dat dit grotendeels daartoe bygedra het. Vordering is ook gemaak met die onafhanklike hantering van die radiobediening in Gurue deur

die Omwiwa Yesu Bestuur. Fondse word direk in hul rekening by 'n plaaslike Finansiële Instelling inbetaal waar dit dan deur 'n finansiële komitee bestuur word. Al die ander take rakende die bediening word deur verskillende komitees in Omwiwa Yesu bestuur. Sowat 25 pastore is tans lede van die Omwiwa Yesu Bestuur. Die hantering van die onderhoud van rekenaars en sonkrag komponente sal hierdie jaar uitgebrei word.

Die versoek van Omwiwa Yesu Bestuur vir die uitbreiding van die ontvangsgebied van die radiostasie bly steeds 'n besprekingspunt en sal daar hierdie jaar verkennende gesprekke plaasvind na 'n volledig gemotiveerde versoek in die verband van Omwiwa Yesu ontvang word. Terwyl die beplande besoek aan Gurue in 2011 weens verskeie redes nie gerealiseer het nie, is daar eenstemmigheid bereik dat 'n besoek vanjaar noodsaaklik is om eerstehandse inligting rondom die bediening se aktiwiteite te bekom vir verdere toekomstige beplanning. Terselfdertyd sal die moontlikhede om die opvangsgebied van die gemeenskapsradio te vergroot, ter plaatse ondersoek word. Voorlopige datum is Julie/Augustus vanjaar.

Verskeie veranderinge rakende die radiobediening het ook plaasgevind of is besig om plaas te vind. Allen en Ansie van der Merwe se werke in Gurue as gestuurde sendelinge is grootliks voltooi en verwag hulle om elders geplaas te word. Die kantoor van Gurue Radio Ministry in Klerksdorp, Suid-Afrika het ook intussen verskuif na Paarl in die WesKaap vanaf 1 Februarie vanjaar

Dankie vir u volgehoue ondersteuning. Almal is verplig om die finansiële gordels al stywer te trek – nie net individue nie, maar ook gemeentes. Tog vertrou ons God om te voorsien sodat daar genoeg sal wees om die werk te laat voortgaan. Wees verseker dat die bediening nog kerngesond en steeds op koers is om soveel mense moontlik met die blye evangelie te bereik. Vyf ure per week word geestelike programme uitgesaai in Portugees en Lomwe – die enigste in die omgewing. Bid asseblief vir die Omwiwa Yesu Bestuur en die programopstellers vir gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees. Vir ontvanklike harte en redding van mense. Bid ook vir Allen en Ansie vir wysheid om die regte keuses te maak in hul voortgesette ywer om Vader te dien.

Report on the Activities of the Laudium Outreach Group March 2012

1. *Outreach Members*

We thank the Lord for each one of the valued people He had called to be involved in the activities of the Group during the year, and for the dedicated way in which each one of the members have been contributing their time and efforts in reaching the people of Laudium with the Gospel of Jesus. The Operation Mobilization team also visited Laudium in January, and we had the privilege of joining hands with them in doing personal evangelism in the area.

Our prayer is that the Lord would bless each one of these individuals personally and that He may add many more volunteers to this outreach group.

2. *Evangelism Training*

The training method that seems to be most effective in our outreach endeavours, is that of 'on the job training'. New workers are generally coached by 'experienced workers' first, in order to gain sufficient knowledge as to the task ahead. The most important aspect in reaching out to people with the Gospel of Jesus Christ, is to experience what it means to be led by the Spirit of God in what to say and do in every situation.

On a more formal training note, only one evening was set aside in August last year, where Alan Wainwright gave us more insight into Muslim beliefs, and how to reach people of the Muslim faith with the Gospel of Jesus.

3. *DVD Ministry*

The DVD library which is overseen by Shaun Munsamy and Shenell Moodley is still in full swing and it was recently expanded by also including a few books, with the titles - 'I dared to call Him Father', the testimony of Madam Bilquis Sheik, who found the Lord Jesus, coming from a Muslim background, as well as, 'The death of a Guru', the testimony of someone turning to Christ from a Hindu background.

4. *Bible Distribution*

A need for the provision of Bibles to the people living in our ministry area had also been identified, leading to us purchasing Bibles with the money available, at R30 a

copy, and selling it through the DVD Library at R10 a copy. To date we have already distributed more than 200 Bibles on this basis.

5. *Film Shows*

The film titled 'The Cross and the Switchblade' was shown in May last year, at Itereleng, an informal settlement near Laudium, as well as in Laudium itself

6. *Financial Matters*

The major portion of our income this year came from the Dutch Reformed Church in Rietfontein, the DRC MoreletaPark, and the Northern Campus of the Hatfield Christian Church. We would like to thank each of these Congregations for their support and participation in this Ministry.

Extract from minutes of Annual General meeting held in March 2012.

Participation and growth of the members of the Outreach Members

It was with great appreciation that we took note of the diligent way in which members of the Laudium Outreach Group were fulfilling their ministry in Laudium - even though some members, due to time constraints, could only avail themselves for limited periods of time.

DVD Library – Shaun Munsamy / Schenell Moodley

We have now got a total of 25 DVD's in our library, and there still is a keen interest and turn-around thereof. In this way the Gospel is presented by individuals to smaller groups of personal friends. We find this to be a worth-while method of spreading the Gospel in this area. We have now expanded the library to also include books, and *we are appealing to anyone who have DVD's with a Christian message (not sermons) or perhaps written biographies, that make interesting reading, to please consider donating such to the library for effective use.*

In our 'Expense Forecast' mentioned above, we have made provision to expand the library with at least two DVD's and two books per month. The annual cost for such a venture will amount to R6, 000.00.

It is now envisaged to expand the DVD library, from where it has currently only been established in the 'Charisma Congregation', to include the 'Lighthouse Church' as well.

Prayer Network

Prayer is a vital part of the activities of the Laudium Outreach Group. The first Monday evening of every month has been set aside, in stead of visitation, to come together for prayer at the Church. Members are encouraged to bring the names and the details of those people needing specific prayer, so that the group could pray for them.

Alan Wainwright has offered to take up the responsibility for the prayer web-site, whereby a support group could be informed of specific needs, in order for them to provide us with the necessary prayer support. An amount of R500.00 was envisaged for this project.

COMSAC (Charisma Community Support and Care Centre)

This Support Care Centre is an initiative of the Reformed Church, and has four focus areas :-

- i. A soup-kitchen on Friday mornings
- ii. Services for inmates in the local prison
- iii. 'Crossroads' club for teenage township kids
- iv. A counselling service

The Laudium Outreach Group will be assisting whenever called upon to do so.

Weekend Away

It was agreed that Johan Naude could arrange for a possible weekend away in September or October to KwaSizabantu. The envisaged cost to the Laudium Outreach Group would be R3,500.00.

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

Ek probeer om elke maand vir 20 kinders in kinderhuise in oud-Russiese en – kommunistiese Oosbloklande borge te kry teen R190 per maand .

*Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg. **In die eerste 3 maande van 2012 het die Here al borge vir 80 kinders voorsien!! Alle dank en eer aan die Here daarvoor!***

Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:

Ons sorg vir moeders

Een van ons mees effektiewe projekte is Moedersorg. Hier word jong mammas gehelp om hulleself en hulle baba te versorg tydens hulle swangerskap en na die bevalling. Met die groot geskenk van noodsaaklike artikels: materiaaldoeke, salwe, babaklere, voedsame voedselaanvullings en vroulike higiëniese artikels, maak ons die vrouens blyer en hulle las kleiner.

By die pakkie word 'n boekie ingesluit wat in fyn besonderhede verduidelik hoe om 'n nuwe baba te versorg, en hoe om hulleself en die nuwe baba gesond te hou. In Oekraïne en Albanië het hierdie program het 'n groot impak op die gesondheid van mammas en hulle nuwe babas.

Ons sorg vir gemeenskappe

Gemeenskapsentrums

“Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: “Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,” maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?” Jakobus 2:15,16

Ons bewys ons geloof aan die bejaardes, werkloses, moeders wat op hulle eie sukkel, weeskinders en gestremdes in die Gemeenskapsentrums. Baie van ons Gemeenskapsentrums word in samewerking met plaaslike gemeentes bestuur. Saam bedien ons warm etes, bied ons Vakopleidingskursusse (soos Engels, rekenaars, kleremakery en kook) sowel as 'n verskeidenheid ander welsynsdienste aan. Christelike barmhartigheid en gemeenskap word aan almal gebied.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Ds Hannes Peens (Limpopo)

Ds Leon Tait
012-333 2470

Koerde

Cobus de Waal
082 749 7846

Mosambiek radiostasie
Allen en Ansie vd Merwe

Japie en Ena le Grange
012-331 3953

Gebedsketting
Laudium

Alet Briers
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

Taakspan vir Sending

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.

By voorbaat dank

Sending taakspan